

Uithang-lappie vir 'n uithang-ete

BENODIGDHEDE: Ongeveer 200 g Dolphin-hekelgaring Nr. 5; hekelpen om by garingdikte te pas.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; st(e) - steek(steke); kb - kortbeen; lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; gp - groep; herh - herhaal; vlg - volgende; ls(e) - lus(lusse); sp(s) - spatie(spasies); gs - glipsteek; grh - garing rondom hekelpen; sluit-gs - glipsteek om rondte te sluit; tr - trossie.

L.W.: 'n 5-dsl-tr aan begin van rondte word só gehekel: 4 ks vir eerste dsl, nóg 4 dsl in dieselfde spatie of in die vlg 4 ste, maar hou laaste lus van elkeen op hekelpen, garing rondom hekelpen en trek deur alle lusse, 1 gs bo-op om tros te verstewig; 3 ks aan begin van rondte vir 1e lb, 4 ks vir 1e dsl.

AANWYSINGS: Eerste motief: 1e rondte: 6 ks, sluit-gs.

2e rondte: 6 ks (d.w.s., 3 ks vir 1e lb en 3 ks om sp te vorm), *1 lb, 5 ks, 1 lb, 3 ks* in ring, herh van * tot * nog 2 keer, dan 1 lb, 5 ks, eindig met sluit-gs in 3e van 6 ks.

3e rondte: gs tot in vlg sp, *5 dsl in dieselfde sp, 6 ks, 1 kb in vlg sp, 6 ks*; herh van * tot *, tot einde van rondte, sluit-gs in bopunt van 4 beg-ks.

4e rondte: *5-dsl-tr op 5 dsl, (6 ks, 1 kb in vlg sp) 2 keer, 6 ks*; herh van * tot * nog 3 keer, eindig met sluit-gs.

Knip garing af en heg netjies af.

Tweede motief: Soos eerste motief tot einde van 3e rondte.

4e rondte: 5-dsl-tr, *3 ks, 1 lb in ooreenstemmende spatie van 1e motief, 3 ks, 1 kb in vlg sp van 2e motief*; herh van * tot * een keer, 3 ks, 1 lb in ooreenstemmende sp van 1e motief, 3 ks; werk nou voort soos 4e rondte van 1e motief.

Hekel 35 sulke motiewe en voeg hulle saam in 5 rye van 7 motiewe elk.

Verbindingsmotief in middel: Hekel oor binneste verbindings-lb van motiewe, begin met 4 ks (vir 1e dsl), nóg 2 dsl, maar hou laaste ls van elkeen op pen, grh en trek deur alle lse — 'n 3-dsl-tr gemaak — dus: *3-dsl-tr in vlg verbindings-lb, 3 ks*; herh van * tot * nog 3 keer, eindig met sluit-gs. Knip garing af en werk netjies af.

OMRANDING: Begin in punt van 'n hoek-gp, met 8 ks (= 1 lb, 5 ks), 1 kb in 4e ks vanaf hekelpen — picot gemaak — 1 ks, 1 lb in bopunt van dieselfde gp, 5 ks, 1 kb in 1e 6-ks-sp, 5 ks, *in vlg 6-ks-sp hekel (1 lb, 5 ks, gs in 4e ks vanaf pen, 1 ks, 1 lb), 5 ks, 1 kb in vlg 6-ks-sp, 5 ks, gs in 4e st vanaf pen, 1 ks, 3 dsl oor 1 verbindings-kb tussen 2 motiewe, 5 ks, gs in 4e ks vanaf pen, 1 ks, 1 kb in vlg 6-ks-sp, 5 ks*; herh van * tot *, hekel elke hoek soos hierbo uiteengesit, en eindig met gs in 3e van 8 begin-ks.

Knip garing af en werk netjies af ●

